

Woensdag 29 November

Skrifgedeelte: Matteus 20:1-16

Fokusgedeelte: Matteus 20:15, 16; HK Sondag 31

In die Koninkryk: Geen plek vir jaloesie oor God se goedheid

Die goedheid van God is soveel anders as wat ons oor goedheid dink dat ons maklik daardeur onkant gevang word. Die wêreld se manier van opvoed en motiveer leer ons van kleins af om te staan op ons regte en te eis vir ons beloning. Prysuitdelings van skole gee dikwels aanleiding tot rusie. Sertifikate, trofee en toekennings word vertoon as deel van die suksesbeeld wat ons graag wil uitdra. Vergelyking van salarisse laat ons gou verontreg voel. In hierdie wêreld sal ons nooit vrede vind oor hierdie saak nie.

Die Heilige Gees leer en lei ons egter om nuut hieroor te dink en anders te reageer. In God se koninkryk besluit Hy oor erkenning en beloning. Sy beloning word nie deur die verdienste van die mens bepaal nie, maar deur sy genade en goedheid. Anders as in die wêreld, beloon Hy dié wat laaste kom, eerste en dié wat eerste, kom laaste. En omdat die beloning nie volgens verdienste is nie, hou dit vir almal 'n verrassing in: buitengewoon en geheel en al bo verdienste.

Indien ek verontreg voel deur hierdie beginsel van God se koninkryk, kan dit wys dat ek eintlik jaloers is op God se reg om genadig te wees en dat ek nog baie het om te leer van wat dit is om uit genade te leef.

Die goeie gevolg kan wees dat ekself deur die krag van die Heilige Gees meer genade betoon.

Sing: Psalm 103-2:4

Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)